

# Vuk'uzenzele

**JOBS  
INSIDE:**

Produced by Government Communications (GCIS)

Afrikaans/English

| Edition 1 July 2016

## President's visit brings hope



President Jacob Zuma spends time with residents of Kwaggafontein in Mpumalanga during a recent visit to the area.

### Chris Bathembu

**P**resident Jacob Zuma's recent visit to Kwaggafontein in Mpumalanga has left residents hopeful that the visit will change their lives for the better.

The small Mpumalanga town, located in the Thembisaire Hani Local Municipality in the Nkangala District, is the latest to be visited by President Zuma as part of the recent Siyahlola Presidential Monitoring tour.

Siyahlola is a programme that allows the President to interact directly with communities and monitor government's performance.

Speaking to *Vuk'uzenzele*, locals were specific about the issues they want to discuss with the President. Top of their list was the scarcity

of water followed by unemployment and issues related to housing.

"The Siyahlola programme is designed to allow the President to come and see for himself what is happening on the ground. My visit here follows

"Our visit today is a step to promote the performance of municipalities. We are happy to visit a municipality that had faced enormous problems which is now improving," he said.

President Zuma also con-

**"Our visit today is a step to promote the performance of municipalities. We are happy to visit a municipality that had faced enormous problems which is now improving."**

an earlier visit I paid to Marabastad in Pretoria where people pleaded with me that I come and visit Kwaggafontein," President Zuma said.

He told the gathering of more than 1 000 people that local government is a very important sphere of government as it is the one closest to people.

gratulated the provincial government for eradicating the bucket system by 98 percent over the past year. He also indicated that the Department of Transport was to rehabilitate the notoriously dangerous Moloto Road.

"A decision has been taken and construction will begin in September and the work

will be in stages with the first critical 25 kilometres set to receive priority."

In his response to some of the issues raised by community members, President Zuma said government had taken note of the high unemployment rate in the area and that it had been trying to mitigate the problem through the Community Work Programme (CPW). CPW provides work opportunities for more than 1 000 people in the area twice a week.

To deal with water shortages in Kwaggafontein, President Zuma said, among other interventions, a new water reservoir and pipeline would be built in nearby KwaMhlanya.

The President also handed over keys to refurbished houses to several beneficiaries in the local township. ▶



**Nelson  
Mandela Bay  
has big plans**

**Page 5**



**Transnet  
launches  
training  
programmes**

**Page 8**

**NSFAS  
application  
system**

**Page 9**

# Tegnologie vind hospitaalbeddens

**Albert Pule**

**D**ie Gautengse Departement van Gesondheid het 'n elektroniese bedbestuurstelsel (eBMS) bekend gestel wat wagtye vir beddens gaan verminder.

Die LUR van gesondheid, Qedani Mahlangu, sê die

## VINNIGE FEITE

**Wolkrekening, ook bekend as aan-dielyn-berekening, is 'n soort internet-gbaseerde berekeningstelsel wat gedeelde verwerking van hulpbronne moontlik maak en data op aanvraag met ander rekenaars deel.**

eBMS was 'n inisiatief van die departement om die voorsiening van gesondheidsorg deur middel van tegnologie te verbeter.

Die gebruik van die eBMS by sommige hospitale – soos dié

in die Steve Biko akademiese kluster – het wagtye met minstens twee ure verkort.

Die Steve Biko akademiese kluster sluit die Tembisa, Tshwane distrik-, Kalafong, Mamelodi en Pretoria-Wes hospitale in.

Gautengse hospitale behandel jaarliks gemiddeld 27,7 miljoen pasiënte en het dikwels 'n tekort aan beddens.

In reaksie hierop het die departement die eBMS vroeër vanjaar by die Steve Biko Akademiese Hospitaal bekend gestel. Weens die sukses daarvan sal dit oral in die kluster ingevoer word.

Die personeel en bestuur van die hospitaal is vol lof vir die eBMS. Hulle kan nou maklik die beskikbaarheid van beddens in hospitale oor die hele kluster nagaan om sodoende pasiënte te akkommodeer.

Die wolkgebaseerde stelsel maak inligting via die internet op rekenaars of mobiele toestelle, soos selfone en tablette, beskikbaar.

Met inligting van eBMS kan hospitaalpersoneel besluite vir



die lang en kort termyn neem.

**“Sommige hospitale het wagtye met minstens twee ure verkort.”**

Danksy die stelsel kon hospitale wagtye verminder, en sale en personeel beter benut.

Om hul dienste te koördineer,

gaan die Gautengse Mediese Nooddienste ook die stelsel gebruik om pasiënte na hospitale te vervoer.

Die Kalafong Hospitaal in Atteridgeville, wes van Pretoria, is deel van die Pretoria-kluster.

“Die bestuur gebruik die eBMS om herverdelingsbesluite oor saalbeddens te neem,” sê dr. Khin Htwe, kliniese bestuurder by die Kalafong Hospitaal, en voeg by dat sommige beddens van-

af stiller sale verskuif is na die wat altyd besig is.

“Sedert die stelsel vroeg in Januarie ingevoer is, het Kalafong reeds wagtye by die ongevalle-eenheid met twee ure verkort,” sê hy. Hy sê voorts die stelsel het deursigtigheid en pasiëntesorg oor die hele kluster heen verbeter.

LUR Mahlangu sê sy verwag dat die stelsel teen die einde van 2016 oor die hele Gauteng ingevoer gaan word. **V**

# Mik vir geen sterftes

**D**ie Regering is vas beslote om die lewensverlies tydens inisiasies te bekamp.



Minister van Korporatiewe Regering en Tradisionele sake, Des van Rooyen.

Minister Des van Rooyen van die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (DKRTS) sê ouers moet seker maak dat hul geliefdes veilig by die huis aankom en slegs van wettige inisiasieskole gebruik maak.

“Die veiligheid van ons jong mans en seuns is nie net die Regering se verantwoordelikheid nie; dit is ook 'n maatskaplike verantwoordelikheid.

“Verantwoordelike skole sal geen seuns sonder hul ouers se toestemming inneem nie en slegs binne die Regering se gesondheidstryglyn handel,” het die minister onlangs tydens die bekendstelling van die Geen Sterftes-veltog gesê.

Die departement se Geen Sterftes veldtog is by inisiasieskole bekend gestel te midde van die winterinisiasieseisoen.

Minister Van Rooyen sê

ongeveer 101 geïnisieerde het in 2015 hul lewens tydens die winter- en somerinisiasieseisoene verloor. Die meeste gevalle is in die Oos-Kaap aangeteken.

**“Ons kan nie meer bekostig om ons arms te vou terwyl jong manne sterf of lewenslank geskend word nie.”**

“Ons kan nie meer bekostig om ons arms te vou terwyl jong manne sterf of lewenslank geskend word

nie,” sê hy.

Die minister sê die departement sal voorts met die justisieklyster saamwerk om te verseker dat mense wat jong mans ontvoer of onwettige inisiasieskole bedryf om geld te maak aan die kaak gestel word.

“Ons kan nie toelaat dat [in situasie] voortduur dat swak opgeleide mense inisante misbruik en onmenslik behandel, wat die dood tot gevolg kan hê nie,” sê Van Rooyen.

## Wat jy moet weet

Die volgende moet by 'n inisiasieskool geld:

1. Ouers se toestemming.
2. Vooraf-mediese sifting deur 'n aangestelde geneesheer.
3. Die jong man moet by die relevante owerhede (tradisionele leier, munisipaliteit, provinsiale regering) geregistreer wees. **V**

As jy nie seker is of die inisiasieskool wettig is nie, skakel die tradisionele leier in jou omgewing, of skakel die blitslyn vir verdere inligting by 0800111166.

Wat gebeur by die geregistreerde inisiasieskool?

- Ondersoek van inisante deur 'n geregistreerde verpleegkundige of versorger.
- Besoek deur ouers en oudstes enige tyd van die dag.
- Voorsiening van water, wanneer daar 'n behoefte aan is.
- Onmiddellike verwysing na 'n hospitaal.
- Fisiese mishandeling word verbied. Enig een wat 'n inisiant misbruik, sal in hegtenis geneem word en vervolg word.
- Dwelms word nie toegelaat by die inisiasieskool.

**Meld alle onwettige praktike by die naaste polisiekantoor aan of skakel 10111.**

# Transnet stel opleidingsprogramme bekend

**Albert Pule**

**A**s jy 'n Suid-Afrikaanse graad 12-leerder is met uitstekende punte in wiskunde en fisiese wetenskap, is Transnet op soek na jou.

Die staatsbeheerde instelling het 'n beurswervingsveldtog bekend gestel wat meer as 170 beurse en 'n opleidingsprogram vir geoktrooieerde rekenmeesters bied.

Transnet sewoordvoerder, Mboniso Sigonyela, sê die fokus is op skaars vaardighede in ingenieurswese en rekeningkunde om Transnet se vaardigheidsbasis te versterk.

Transnet het R7,6 miljard oor die volgende 10 jaar opsygesit vir vaardigheidsontwikkeling en beurse as deel van sy deurlopende infrastruktuurbeleggingsprogram van R380 miljard. Nagenoeg R1,2 miljard van dié geld sal aan beurse bestee word.

Die beurse is vir voltydse studie in 'n baccalaureus in die ingenieurswese of 'n BSc-graad in ingenieurswese aan enige Suid-Afrikaanse universiteit in:

- siviele ingenieurswese
- elektriese ingenieurs-



Transnet gaan oor die volgende 10 jaar meer as R7,6 miljoen in vaardigheidsontwikkeling in die land belê.

- wese (sterk stroom)
- elektroniese ingenieurswese
- meganiese ingenieurswese
- bedryfsingenieurswese en metallurgiese ingenieurswese (fisies).

"Die beurs dek die volle koste, insluitend klasgellede, akkommodasie en etes, 'n boektoelae, 'n rekenaar (vanaf tweede jaar indien

nodig), en indiensopleiding," sê Sigonyela.

Verlede jaar het Transnet beurse toegeken aan meer as 150 studente en meer as 500 studente geborg. Sedert die bekendstelling van sy beursskema in 1994, het Transnet 3 288 studente befonds.

Transnet bied ook 'n drie jaar lange leerlingskapprogram vir kandidate met 'n

Sertifikaat in Rekeningkundeteorie (SRT) of baccalaureus in rekeningkundige wetenskappe in finansiële rekeningkunde (BCompt (Hons)) of soortgelyk.

Transnet se opleidingsprogram vir geoktrooieerde rekenmeesters is by die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters geakkrediteer en bied praktiese ervaring en

## Toelatingsvereistes Beurse

Suid-Afrikaanse graad 12-leerders met uitstekende punte in wiskunde en fisiese wetenskap.

## Opleidingsprogram vir Geoktrooieerde Rekenmeesters

Minimum toelatingsvereiste is die Sertifikaat in Rekeningkundeteorie (SRT) of 'n BCompt (Hons)/finale jaar. Huidige finalejaar-SRT-studente kan aansoek doen ook.

Aansoek open in Mei en sluit in Julie elke jaar.

voorbereiding vir raadsessamens.

Die program sluit in uitgebreide opleiding in finansiële bestuur, bestuurbesluitneming, finansiële rekeningkunde, interneouditkunde en korporatiewe bestuur, ouditering en versekeringsbelasting.

Dit sluit ook professionele vermoëns soos interpersoonlike en kommunikasie, intellektuele, persoonlike, en organisatoriese en bestuursvaardighede in. **V**

**Belangstellendes kan die Transnet-loopbaneblad by [www.transnet.net](http://www.transnet.net) vir meer inligting besoek.**

# Nkuri village gets a new library

**Albert Pule**

**N**orah Ngoveni of Nkuri village in Giyani, Limpopo, dreamt of having a community library.

She wrote to Deputy President Cyril Ramaphosa to request a library to meet her community's need for easier access to information and resources.

In response the Department of Arts and Culture handed over a modular library (in a prefabricated building) to the village of Nkuri at the start of June.

Students and community members no longer have to travel 21 kilometres to get

information for their studies, assignments and research.

The modular library is a short-term solution. The construction of a brick and mortar library will start soon.

Deputy Minister of Arts and Culture, Rejoice Mabudafhasi, said the library would serve schools and the community of Nkuri and surrounding villages.

"This modular library belongs to you. Use it, become literate and read together as families. Let us make reading part of our daily lives and let every one of us share a book with a colleague, family, friends and neighbours as a way of enhancing social cohesion,"

she said during the handover ceremony.

The Deputy Minister advised parents to read to their children daily from an early age.

"The heritage you will pass on to the children by reading to them will last forever."

## Grant for libraries

Government has shown its commitment to promoting a culture of reading, through the Community Library Conditional Grant.

The grant aims to better the library sector by improving infrastructure, purchasing library materials, giving free access to the Internet, providing services to the visually

impaired and establishing toy libraries, among others.

Since the grant's inception, 81 new libraries have been built, 343 libraries upgraded and more than 1 400 jobs have been created.

Deputy Minister Mabudafhasi said her department wanted the grant to make libraries the information hubs of each community.

"Our libraries have free access to Internet and updated library materials. This brings equality by making it possible for a library user in a rural area to access the same information as a user in an urban area."

In 2016/17, the department will build 23 new libraries

## FAST FACT



**Through the Community Library Conditional Grant**  
**81 new libraries have been built, 343 libraries upgraded and more than 1 400 jobs have been created.**

and upgrade 55 existing library structures. **V**

# Grondeise vergemaklik



Suid-Afrikaners het tot 2019 om grondeise in te dien.

## Albert Pule

**V**roeg in 2015 het die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming amptelik 'n mobiele kantoor vir die indiening van grondeise in die Vrystaat geopen.

Mobiele grondeisekantore maak deel uit van die Re-

gering se Grondrestitusieprogram.

Die grondeisesproses laat mense toe, wie se grond onder apartheid met geweld weggeneem is, om eise in te dien.

Sedert die amptelike bekendstelling het die Regering deur die Kantoor van die Hoofgrondeisekommissaris en die onderskeie

provinsiale departemente van landelike ontwikkeling mense aangemoedig om eise in te dien.

Om te verseker dat soveel as moontlik potensiële eisers bereik word, gaan die mobiele indieningskantore die land deurkruis om eise te ontvang, bykomend tot die 14 permanente indieningskantore in al nege

provinsies.

Die mobiele kantore is spesiaal toegerus met tegnologie om grondeisaansoeke op die perseel verwerk.

Vier busse en twee vier-trekvragmotors sal ontplooi word om die geïdentifiseerde gemeenskappe oor die volgende vier jaar te bedien wat op 30 Junie 2019 tot 'n einde kom. □

## Mobiele kantore in die Oos-Kaap

Sedert April deurkruis mobiele grondeisindieningskantore die Oos-Kaap. Hier is die besonderhede van die oorblywende datums, plekke en tye wanneer die kantoor die onderskeie gemeenskappe in die provinsie sal besoek:

### Datum: 4 Julie – 5 Julie 2016

Dorp: Bethelsdorp  
Plek: West End Saal  
Tyd: 09:00 – 17:00  
Kontakpersoon:  
Nandipha Sondati  
Selnr: 072 611 3990  
Kontakpersoon:  
Bongani Letlaka  
Selnr: 071 287 3622

### Datum: 6 Julie – 8 Julie 2016

Stad: Motherwell  
Plek: Raymond Mhlaba Sportsentrum  
Tyd: 09:00 – 17:00  
Kontakpersoon:  
Nandipha Sondati  
Selnr: 072 611 3990  
Kontakpersoon:  
Bongani Letlaka  
Selnr: 071 287 3622

### Datum: 11 Julie – 12 Julie 2016

Stad: Mthatha  
Plek: Mthatha Stadsaal

Tyd: 09:00 – 17:00  
Kontakpersoon:  
Nandipha Sondati  
Selnr: 072 611 3990

Kontakpersoon: Bongani Letlaka  
Selnr: 071 287 3622

### Datum: 13 Julie 2016

Stad: Libode  
Plek: Libode Municipale Saal

Tyd: 09:00 – 17:00

Kontakpersoon:  
Nandipha Sondati

Selnr: 072 611 3990

Kontakpersoon:  
Bongani Letlaka

Selnr: 071 287 3622

### Datum: 14 Julie – 15 Julie 2016

Stad: Port St John's  
Plek: Port St John's Stadsaal

Tyd: 09:00 – 17:00

Kontakpersoon:  
Nandipha Sondati

Selnr: 072 611 3990

Kontakpersoon:  
Bongani Letlaka

Selnr: 071 287 3622

### Datum: 11 Julie – 12 Julie 2016

Stad: Mthatha  
Plek: Mthatha Stadsaal

Kontakpersoon:  
Bongani Letlaka  
Selnr: 071 287 3622

### Datum: 18 Julie – 19 Julie 2016

Stad: Lusikisiki  
Plek: Lusikisiki Polisiestasie

Tyd: 09:00 - 17:00

Kontakpersoon:  
Nandipha Sondati

Selnr: 072 611 3990

Kontakpersoon:  
Bongani Letlaka

Selnr: 071 287 3622

### Datum: 20 Julie – 22 Julie 2016

Stad: Flagstaff

Plek: Flagstaff Bargain Wholesalers

Tyd: 09:00 – 17:00

Kontakpersoon:  
Nandipha Sondati

Selnr: 072 611 3990

Kontakpersoon:  
Bongani Letlaka

Selnr: 071 287 3622

### Datum: 25 Julie – 26 Julie 2016

Stad: Mbizana

Plek: Mbizana Taxistaanplek oorkant die Spar

Tyd: 09:00 - 17:00

Kontakpersoon:  
Nandipha Sondati

Selnr: 072 611 3990

Kontakpersoon:  
Bongani Letlaka

Selnr: 071 287 3622

### Datum: 27 Julie – 28 Julie 2016

Stad: Matatiele

Plek: Matatiele Stadsaal

Tyd: 09:00 – 17:00

Kontakpersoon:  
Nandipha Sondati

Selnr: 072 611 3990

Kontakpersoon:  
Bongani Letlaka

Selnr: 071 287 3622

### Vanaf 29 Julie 2016 sal die mobiele kantore na KwaZulu-Natal verskuif.

## Wat is 'n grondeis?

'n Grondeis is 'n skriftelike versoek deur 'n persoon, 'n direkte afstammeling van 'n persoon, 'n boedel of 'n gemeenskap vir die teruggee van grond.

## Wie kan 'n grondeis indien?

'n Persoon of gemeenskap wat ná 19 Junie 1913 van hul grond verdryf is ingevolge die apartheidswette en wat nie billike vergoeding ontvang het ten tyde van die onteiening nie.

## Wie mag 'n eis nie indien nie?

Mense wat voorheen geëis het en grond of finansiële vergoeding ontvang het, mag nie weer 'n eis indien nie.

As jy voorheen 'n eis ingedien het, maar nog nie vergoed is nie, bevestig dat die provinsiale kantoor jou oorspronklike eis het voordat jy weer 'n eis indien. Moenie 'n nuwe eis indien as jou eis nog verwerk nie. Dit is onwettig om 'n bedrieglike eis in te dien en te versuim om ander potensiële belanghebbendes bekend te maak.

## Watter inligting is nodig?

- Die beskrywing van die eiendom, bv plaasnaam, erf of erfnommer, as dit in 'n stedelike gebied is.
- Die jaar van onteiening.
- Vergoeding wat destyds betaal is.
- Besonderhede van die persoon wat die eiendom verloor het.
- Besonderhede van die eiser en die hoedanigheid waarin jy optree, bv. gemeenskapsverteenvwoerdiger, seun, eksekuteur van 'n boedel, ens.
- Geskiedenis van die grondontteiening.

## Hoe om 'n eis in te dien

Eise moet by 'n aangewese indieningskantoor op 'n voorgeskrewe vorm ingedien word, wat tydens die indiening elektronies vasgelê word.

Vorms sal nie versprei word nie. Jy moet 'n indieningskantoor besoek om te eis.

Jy het tot 30 Junie 2019 om 'n eis in te dien. Mobele indieningskantore sal distrikte tydens die eistydperk besoek.

## Hoe om op te volg

Jy kan die tolvrye nommer **0800 007 095** skakel of 'n provinsiale kantoor nader vir meer inligting oor die vordering van jou eis.